20.8 BESWAARSKRIF GK OOS-MOOT TEEN WYSIGING VAN KERKORDE, ARTIKEL 69 (Artt 39, 201)

A. Dr GJ Meijer stel die Beswaarskrif.
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na die Kommissie Beswaarskrifte 3 – Kerkregtelik.
C. Dr JH Howell rapporteer namens die Kommissie Beswaarskrifte 3 – Kerkregtelik.

D. **BESWAARSKRIF**

Die Kerkraad versoek, op aanbeveling van Klassis Pretoria-Moot, om ooreenkomstig vasgestelde prosedure (Acta 1991:526-528) die volgende Beswaarskrif op die Agenda van die Algemene Sinode 2015 te plaas.

1. Die besluit waarteen beswaar gemaak word

Die besluit waarteen beswaar gemaak word, word weergegee in die Sinode Handelinge 2012, art 22.1, Rapport 1 van die Deputate Liturgiese Sake en die besluit (Acta:384-385):

Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 Die volgende wysigingsformulering vir KO, art 69 word op grond van bogenoemde deur die Deputate vir goedkeuring aan die Sinode voorgehou:

2.2 "In die kerke moet die 150 Psalms, die Tien Gebooie, die Onse Vader, die Twaalf Artikels van die Geloof, die Lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing word. Ander Skrifberyminge en Skrifgetroue liedere wat die Sinode goedgekeur het, word in die vryheid van die kerke gelaat."

Besluit:

1. Dat die woord "Kerkraad" met "Kerke" vervang word in voorgestelde bewoording van KO, art 69 (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).
2. In beginsel word goedgekeur dat Skrifgetroue liedere in die kerke gesing kan word.
3. Die amendement dat die woorde "wat die Sinode goedgekeur het" in die voorgestelde bewoording in 2.1 vir KO, art 69 geskrap word, word nie goedgekeur nie.
4. Die voorgestelde bewoording in 2.1 vir KO, art 69 soos gewysig volgens punt 1 van hierdie besluit goedgekeur word.

2. Beswaargronde en motiverings

2.1 *Beswaargrond 1*

Die Sinode bly in gebreke om op grond van die Skrif en Belydenis aan te toon waarom die bestaande Kerkorde, artikel 69 nie voldoende is nie.

Motivering

In die hele Rapport word daar slegs een maal sydelings na die Skrif in Kolossense 3:16 verwys, sonder dat die betrokke Skrifgegewe uitgelê en toegepas word (1.6.6). Nêrens elders word daar op Skrif- of Belydenisgronde aangetoon waarom daar oor so 'n gewigtige saak soos die kerklied so 'n ingrypende besluit geneem word nie en dit terwyl daar in die Skrif duidelike uitsprake oor die kerklied is (onder andere Efesiërs 5:19).

2.2 *Beswaargrond 2*

Die Sinode het hom in die neem van die besluit deur die praktyk laat lei.

Motivering

In die Rapporte word duidelik uitgespreek hoe noodsaaklik dit is dat eenheid in die kerke bevorder moet word (1.6.8). Die verskillende historiese agtergronde in die GKSA soos blyk uit die ontstaansgeskiedenis van die onderskeie bundels moet verreken word. Eenheid ten spyte van die verskeidenheid sal volgens die Rapport nie behou en bevorder word deur een groep van die GKSA se historiese agtergrond normatief vir al die kerke in die GKSA te maak nie (1.6.9). Gevolglik is artikel 69 “oopgestel” om die liedereskat van die verskillende kerk(/taal)gemeenskappe te akkommodeer. Dit is ‘n bloot pragmatiese motivering, wat nie die toets van die Skrif deurstaan nie.

3. Versoek

Sinode 2015 word versoek om:

3.1 die besluit soos geneem op Sinode 2012 (Acta:384-385) te herroep;

3.2 die eenheid in die kerke te bevorder deur die kerklied te reformeer ooreenkomstig die uitsprake volgens God se Woord en nie bloot volgens bestaande praktyke of ter wille van eenheid nie.

E. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Opdrag

Beswaarskrif GK Oos-Moot (20.8).

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die Beswaarskrif is gerig teen die besluit van Sinode 2012, art 22.1, Rapport 1 van die Deputate Liturgiese Sake, pt 2.1 (Acta 2012:384-385).

2.2 Die volgende persone het die Kommissie ontmoet: Dr GJ Meijer en oudl DJ de Kock.

Besluit: Punte 2.1 en 2.2 kennis geneem.

3. Agtergrond

Om die Beswaarskrif te oorweeg is dit noodsaaklik om die historiese verloop van die saak in aanmerking te neem. Hiervoor word verwys na die volle agtergrond soos opgeneem in pt 2 van die Kommissierapport wat handel oor die Beswaarskrif Streeksinode Pretoria teen wysiging van KO, art 69 (20.7).

Besluit: Kennis geneem.

4. Beswaargronde

4.1 *Beswaargrond 1*

Die Sinode bly in gebreke om op grond van die Skrif en Belydenis aan te toon waarom die bestaande KO, art 69 nie voldoende is nie.

4.1.1 Beredenering

4.1.1.1 Uit die historiese agtergrond (vgl pt 2 van die Beswaarskrif Streeksinode Pretoria oor KO, art 69) blyk dit dat die besluit van Sinode 2012 nie in isolasie gesien kan word nie. Die voorgelegde Skrifgronde is op verskeie Sinodes (Nasionaal en Algemeen) deur middel van Beskrywingspunte, Beswaarskrifte en die Rapporte van twee Deputategroepe voorgehou, behandel en beoordeel (vgl veral Acta 1997:806-809 en 2009:726-730). Om dus te beweer dat die besluit wat uiteindelik uitgeloop het op die wysiging van KO, art 69, nie op grond van die Skrif en Belydenis geneem is nie, is nie korrek nie.

4.1.1.2 Skrifgedeeltes soos Ef 5:19 en Kol 3:16 word onder andere as Skrifgronde behandel. Ook die Belydenis word ondersoek en die Kerkorde self word beoordeel. (Kyk Acta 2009:726-730.)

4.1.1.3 Die voorgestelde wysiging van KO, art 69 (soos goedgekeur deur Sinode 2012) rus op die studie uit Skrif en Belydenis soos vervat in die Beskrywingspunt in onder andere Acta 1997 (806-809) en die Deputaterapport in Acta 2009 (726-730).

4.1.1.4 Die gebreke (indien enige) in die bewyse uit Skrif en Belydenis word nie aangetoon nie.

4.1.2 Bevinding

Beswaargrond 1 toon nie voldoende aan dat Sinode 2012 in gebreke bly om op grond van Skrif en Belydenis aan te toon waarom die goedkeuring van die wysiging van KO, art 69 nie voldoende is nie.

4.2 *Beswaargrond 2*

Die Sinode het hom in die neem van die besluit deur die praktyk laat lei.

4.2.1 Beredenering

4.2.1.1 Die historiese verloop (vgl pt 2 van die Beswaarskrif Streeksinode Pretoria oor KO, art 69) dui aan dat die besluit om KO, art 69 te wysig, reeds in 1997 begin het. Die Beskrywingspunt wat tydens die Sinode 1997 gedien het (Acta 1997:806-809), se motivering dui duidelike Skrifgronde aan waarom KO, art 69 verander moet word (alhoewel daar nie in 1997 aan die Beskrywingspunt gevolg gegee is nie).

Dit is juis op grond hiervan dat die Beswaarskrif teen hierdie besluit op Sinode 2000 slaag, aangesien Sinode 1997 nie die Beskrywingspunt op Skrifgronde afgekeur het nie (kyk Acta 2000:458-462).

4.2.1.2 Dit is wel duidelik (in die historiese gedeelte) dat die Eerste Algemene Sinode 2009 met ‘n nuwe situasie te doene kry ten opsigte van liedere wat vir jare in Sinodes Middellande en Soutpansberg gesing word. Hierdie praktiese situasie het beslis ‘n rol gespeel in die neem van die besluit om KO, art 69 te wysig. Dit kom duidelik na vore in Acta 2009 (:743) waar vermeld word dat die Sinode bewus is van die noodsaaklikheid om eenheid te behou en te bevorder ten spyte van verskille. Om egter die nuwe praktiese situasie as enigste of grootste rede aan te voer oor waarom KO, art 69 gewysig is, is nie korrek nie. Soos aangedui in die beredenering by 4.1.1 en 4.2.1.2 blyk dit dat Skrifgronde soos aangetoon in die Beskrywingspunt van Sinode 1997 (waarteen ‘n Beswaarskrif tydens Sinode 2000 geslaag het omdat nie aan die Beskrywingspunt gevolg gegee is nie en die Skrifgronde nie in ag geneem is nie), asook die studie in die Deputaterapport van Sinode 2009, die deurslag gegee het by die neem van die besluit op Sinode 2012. Die lang historiese verloop van die saak, wat uitgeloop het op die wysiging van KO, art 69, het dus baie fasette wat in ag geneem moet word. KO, art 86 laat ook die ruimte om in belang van die kerke soms wysigings (ook op grond van praktiese oorwegings) aan die Kerkorde aan te bring, solank die Skrif en Belydenis nie daardeur in gedrang kom nie. In hierdie geval is daar Skrifbewyse vir moontlike verandering aangevoer, maar die teendeel is nie bewys nie. Hierdie feite word nie in die beswaargrond verreken nie.

4.2.2 Bevinding

Die Beswaarskrif dui nie voldoende aan dat die wysiging van KO,art 69 “*’n bloot pragmatiese motivering (is), wat nie die toets van die Skrif deurstaan nie.”*

Besluit: Punte 4.1 tot 4.2.2 kennis geneem.

5. Sake waaroor die Sinode besluit

5.1 *Aanbeveling: Beswaargrond 1*

Die Beswaarskrif slaag nie op hierdie grond nie.

5.2 *Aanbeveling : Beswaargrond 2*

Die Beswaarskrif slaag nie op hierdie grond nie.

5.3 Samevattende aanbeveling

Die Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.

Besluit: Punte 5.1 tot 5.3 goedgekeur.